
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411 - Website address: www.stangerchristiancentre.co.za

NA WIE SAL ONS GAAN? (Joh. 6:68)

" Na wie sal ons gaan?" Hierdie woorde is deur Petrus gespreek in antwoord op Jesus se vraag aan Sy dissipels, "Wil julle nie ook weggaan nie?" Ons lees die verslag in **Joh. 6 :65-69: En Hy** (Jesus) **sê: Om hierdie rede het Ek vir julle gesê dat niemand na My toe kan kom as dit hom nie deur my Vader gegee is nie. Hieroor het baie van sy dissipels teruggegaan en nie meer saam met Hom gewandel nie. Toe sê Jesus vir die twaalf: Wil julle nie ook weggaan nie? En Simon Petrus antwoord Hom: Here, NA WIE SAL ONS GAAN? U het die woorde van die ewige lewe. En ons het geglo en erken dat U die Christus is, die Seun van die lewende God.** In hierdie tyd, met so baie verwarring wat in die wêreld aangaan, is dit tyd dat ons in ons spore vassteek, versigtig oorweeg, en 'n opname maak van **wat** ons glo en **in Wie** ons glo. Dit is noodsaaklik dat ons die nodige versekering en vertroue in ons sal hê sodat ons kan **staan** en die "bose dag" sal kan **weerstaan.** As Jesus dieselfde vraag aan ons sou vra as wat Hy aan Sy dissipels gevra het, **"wil julle nie ook weggaan nie?",** behoort ons, soos Sy dissipels, met dieselfde moed en oortuiging soos Petrus te sê: **"Here, na wie sal ons gaan?" U het die woorde van die ewige lewe. En ons het geglo en erken dat U die Christus is, die Seun van die lewende God ".** (Hoogste gesag)

Baie Christene is vas gevang midde in die onrus van 'n wêreld resessie, misdaad en korrupsie en New Age konsepte, wat veroorsaak dat hulle heen en weer geslinger word deur die raad van "baie stemme", en die Bybel sê vir ons wat die uiteinde van dubbelhartigheid is.

'n Dubbelhartige man, onbestendig in al sy weë (Jak. 1:8). Die woorde van die Here gespreek deur Sy profeet Daniël aangaande die eindtyd, verklaar in die Engelse Bybel dat baie heen en weer sal hardloop.

But thou, O Daniel, shut up the words, and seal the book, *even* to the time of the end: MANY SHALL RUN TO AND FRO…. (Dan. 12:4).

Met ander woorde, mense sal nie weet waarheen om te draai of wat om te doen nie, omdat alles rondom en oral om ons in die laaste dae geskud sal word **voor die koms van die Here Jesus.** Ons voete moet stewig geplant wees op die Rots Christus Jesus. **Heb. 12:26 Toe het sy stem die aarde geskud; maar nou het Hy belowe en gesê: Nog een maal laat Ek nie alleen die aarde nie, maar ook die hemel bewe.** Ons kan die resultate van die skudding wat regoor die wêreld plaasvind sien soos verwoestende hongersnood, vloede, vure en aardbewings daagliks in die nuus en op TV berig word. Desperate mense weet nie waarheen om te gaan om voedsel, skuiling, lewensmiddele, vrede en veiligheid te kry nie. Wanneer mense nie weet waarheen om te gaan, of wat om te doen nie, raak hulle vreesbevange en desperaat, en die vyand sal voordeel uit die situasie trek. Maar die Here het Sy mense gewaarsku dat dit op die aarde sou gebeur en dat die wat hul vertroue in Hom stel nie nodig het om te vrees nie. **Luk. 21: 25-26: En daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid, wanneer see en branders dreun, en mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word.** Ek glo dat die Here se oordeel oor die nasies begin het, en dit is as gevolg van hul voortgesette ongehoorsaamheid aan Sy gebooie en opdragte vir 'n heilige lewe soos in Sy Woord bepaal is, en ook as gevolg van hul stand teen Sy Heilige Land – Israel. Het julle opgelet hoe baie van die lande wat op die oomblik so baie katastrofiese rampe ly, die is wat heftig antagonisties teenoor Israel en die Here is? (Lees ons boek " Israel and Ishmael")

So baie mense sê beskuldigend, " Waarom het die Here toegelaat dat dit alles gebeur?" Sommige blameer Hom direk dat Hy die oorsaak van al die tragedies is wat nou in die wêreld plaasvind. Hulle redeneer dat "'n liefdevolle God verseker nie al die lyding wat in die wêreld plaasvind sou toelaat nie ". Maar die waarheid is dat die Here, Skepper van die Hemel en aarde, Homself deur Sy Woord gebind het, en HY KAN NIE SY WOORD BREEK NIE ongeag hoe dit Hom seermaak om die lyding van die mens te sien. **Psalm 138: 2: Ek sal my neerbuig na u heilige paleis en u Naam loof, om u goedertierenheid en om u trou ontwil; want U het vanweë u ganse Naam u toesegging groot gemaak. (** In die Engels baie duidelik: **for thou hast magnified thy WORD above all thy name).**

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Na wie sal ons gaan….)

Die Here is genadig en vol meegevoel, en Hy is geduldig ver bo ons begrip, maar, soos dit met die toestand van die wêreld in die tyd van Noag was, en toe weer met Sodom en Gamorra, kom die Here se oordeel as 'n direkte gevolg van die mens se sonde en opstand teen Sy Woord en Sy voorgeskrewe reëls vir lewenswyse. Die Woord sê vir ons dat in daardie tye was die wêreld vol **geweld en korrup!** Die mens het die rampe op homself deur homself alleen gebring! Hy dra die skuld deur dood in plaas van lewe te kies volgens die Here se belofte en waarskuwing aan ons om Sy wonderlike weë te volg wat Hy vir ons veilige en oorvloedige lewe ingestel het! **Deut. 30:19: Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag.** Die Here se liefde teenoor die mens is duidelik regdeur Sy Woord, en Sy grootste demonstrasie van liefde is opgeskryf in **Joh. 3:16: Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.** So is die Here se innige liefde en besorgdheid oor ons!

So wat kan ons dan doen aangaande die toestand van die wêreld as die Here reeds met al hierdie skuddings begin het? Jy mag vra, is Sy oordeel dan nie 'n uitgemaakte saak nie? Waar gaan ons heen? Wat staan ons te doen?

ONS KAN BID EN ONS MOET BID! Die Here se mense is geroep en georden om biddende mense te wees. Die Bybel sê vir ons dat ons 'n koninklike priesterdom is. **1 Pet. 2:9: Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig. (Openb. 1:6) en ons gemaak het konings en priesters vir sy God en Vader, aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen.** Die Here verwag 'n antwoord van ons wanneer ons Sy beloftes in vervulling sien kom. Ons moet na Hom in nederigheid draai en Hom ywerig soek soos ons Sy planne en voornemens sien gebeur. Hy sou van ons verwag om vir die verlore wêreld te bid. Hy sou van ons verwag om vir die menigtes te bid wat heen en weer hardloop, om na Jesus te draai vir hul ewige verlossing, omdat daar van Hom geskrywe is: **En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander <u>naam</u> onder die hemel wat onder die mense gegee is, <u>waardeur ons gered moet word nie</u> (Hand. 4:12).** As ons, wat deur Sy Naam geroep is nie vir die verlore siele bid om in Sy Koninkryk in te kom nie, wie sal? Die Here kyk en wag net vir een man of een vrou om genoeg in Hom te glo om vir verlore siele te bid in die dol wêreld wat vinnig besig is om buite beheer te wentel. Hy begeer van ons – ek en jy – om net so besorg te wees soos Hy vir die wat vergaan. **2 Pet. 3:9: Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom**. Die verbasende waarheid is dat die Here belowe om ons gebede te beantwoord as hulle in geloof gebid word, glo dat Hy kan doen wat ons ook al in die Naam van Jesus vra, as dit volgens Sy wil is – en ons weet dat dit verseker Sy wil is om die verlorenes te red. Verbasend, maar Hy wag op ons gebede sodat Hy kan reageer. Een van die opwindendste ondervindings wat ons ooit kan hê is om te weet dat die <u>Here Almagtig</u>, Skepper van die heelal, ons persoonlike individuele gebed hoor en sal doen wat ons Hom vra om individueel te doen, wanneer ons in die Naam van Jesus vra. **(Joh. 14 :13-14) En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word. As julle iets in my Naam vra, sal Ek dit doen.** Dit is in die Bybel opgeteken dat een man die Here gevra het om die son te laat stilstaan en Hy het dit gedoen. Een man het gevra dat dit vir drie jaar nie moes reën nie, en die Here het dit vir hom gedoen. Toe hy gevra het dat dit weer moes reën, het die Here op die gebed van die een man gereageer. 'n Man net soos ek en jy! **(Jak. 5:17) Elia was 'n mens net soos ons, en hy het ernstig gebid dat dit nie moes reën nie, en dit het op die aarde drie jaar en ses maande lank nie gereën nie.** Glo jy dat jou gebed aan die Here om 'n verlore siel of siele te red beantwoord sal word? Dan moet jy bid sodat Hy jou gebed kan beantwoord! Satan sou daarvan hou om jou te laat dink dat jou gebed onbeduidend is en nie eintlik tel nie, dus waarom moeite doen om te bid! Dit is 'n leuen van die vyand om jou te keer om op die oomblik 'n verskil in die wêreld te maak deur jou gebede, waarop die Here net wag om te antwoord!

Op die oomblik is die Here besig om die Jode wat onder die nasies versprei was bymekaar te bring en hulle terug te bring na hul Beloofde Land, Israel. Ons sien hoe hierdie wonderbaarlike profesie na 3000 jaar reg voor ons oë besig is om vervul te word en ons prys Hom daarvoor omdat dit nie net bewys is van Sy getrouheid nie, maar ook dat Hy 'n God is wat Sy Verbond hou. As Hy getrou is aan Sy beloftes aan Sy Ou Verbond volk, kan ons Hom vertrou om aan ons getrou te wees, die Kerk van die Here Jesus Christus. Maar ons moet aanhou om te bid vir beide die Jode om na hul vaderland terug te kom en vir die Kerk om reg te wees vir die wederkoms van Jesus. (Lees ons boek <u>"Is jy Gereed</u>?") Soos ek reeds gesê het, die Here verwag 'n antwoord van ons wanneer ons sien dat Sy beloftes in vervulling gaan. Ons moet na Hom in nederigheid draai en Hom ernstig soek soos ons sien dat Sy planne en voornemens gebeur.

Dus, waar kan mense heen hardloop as hulle heen en weer hardloop wanneer die hele wêreld in verwarring is as gevolg van opstandige mense? Die Here het die profeet Jeremia gelas: **Gaan en roep hierdie woorde na die noorde toe uit en sê: Keer terug, O afkerige, Israel, spreek die HERE. Ek sal julle nie donker aankyk nie, want Ek is goedertieren, spreek die HERE; Ek sal die toorn nie vir ewig behou nie (Jer. 3:12).**

Keer terug, O afkerige kinders; Ek sal julle afkerighede genees. (en hulle antwoord was) **Hier is ons, ons kom na U toe, <u>want U is die HERE onse God</u> (Jer. 3:22).** Of in die woorde van Petrus: **En Simon Petrus antwoord Hom: Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde van die ewige lewe. En ons het geglo en erken dat U die Christus is, die Seun van die lewende God.** Petrus was nie die enigste een wat geweet het waarheen om te gaan en na Wie om te draai in tye van wanhoop en moeilikheid nie. Daardie tye wanneer 'n mens swak, verward en depressief voel. Tye wanneer dit lyk asof daar geen hoop is en geen uitkoms uit die situasie nie, wanneer dit lyk asof jou vyande jou omsingel het. Tye wanneer 'n mens alleen en eensaam voel en dit voel asof niemand omgee nie. Tye wanneer 'n mens nie weet waar die volgende maaltyd vandaan gaan kom nie of om deur nog 'n dag te kom nie.

Koning Salomo met sy groot wysheid, gee vir ons die versekering in die Woord dat:

(Spr. 18:10)Die Naam van die HERE is 'n sterk toring; die regverdige hardloop daarin en word beskut.

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2....Na wie sal ons gaan)

(Spr. 1:33)Maar die wat na my luister, sal veilig woon en gerus wees teen die skrik vir die onheil.

(Spr. 3:24)As jy gaan lê, sal jy nie skrik nie, en lê jy, dan sal jou slaap soet wees.

(Spr. 3:25) Jy hoef nie bang te wees vir 'n skielike skrik of vir die ondergang van die goddelose as dit kom nie.

(Spr. 3:26)Want die HERE sal jou vertroue wees, en Hy sal jou voet bewaar vir die strik.

Koning Dawid het ook geweet wat Petrus geweet het oor wat om te doen in tye van moeilikheid en omdat hy al bogenoemde ondervind het, het hy die reg gehad om te sê: **(Psalm 73:25) Wie het ek buiten U in die hemel? Buiten U begeer ek ook niks op die aarde nie.**

(Psalm 18:3) Die HERE is my rots en my bergvesting en my redder; my God, my rots by wie ek skuil; my skild en die horing van my heil, my rotsvesting.

(Psalm 32:7) U is 'n skuilplek vir my; U bewaar my vir benoudheid; U omring my met vrolike gesange van bevryding. Sela.

(Psalm 119:114) U is my skuilplek en my skild; op u woord wag ek.

(Psalm 119:117) Steun my, dat ek verlos word; dan sal ek altyddeur op u insettinge let. Daar is net een plek waar ek en jy kan gaan om veilig en beskerm te wees, maar ook versorg word, voorsien word en liefde kry – ver van geweld en korrupsie, hartseer en pyn – en dit is Jesus Christus – die skuilplek van die Allerhoogste:

Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige. Ek sal tot die HERE sê: My toevlug en my bergvesting, my God op wie ek vertrou. Want Hy is dit wat jou sal red uit die net van die voëlvanger, van die verderflike pes. Hy sal jou dek met sy vlerke, en onder sy vleuels sal jy skuil; sy trou is 'n skild en pantser. Jy hoef nie te vrees vir die skrik van die nag, vir die pyl wat bedags vlieg nie, vir die pes wat in die donker wandel, vir die siekte wat op die middag verwoes nie! Al val daar duisend aan jou sy en tien duisend aan jou regterhand- na jou sal dit nie aankom nie. Net met jou oë sal jy dit aanskou en die vergelding van die goddelose sien. Want U, HERE, is my toevlug. Die Allerhoogste het jy jou beskutting gemaak. Geen onheil sal jou tref en geen plaag naby jou tent kom nie; want Hy sal sy engele aangaande jou bevel gee om jou te bewaar op al jou weë. Hulle sal jou op die hande dra, sodat jy jou voet teen geen klip stamp nie. Op die leeu en die adder sal jy trap, die jong leeu en die slang vertrap. Omdat hy My liefhet, sê God, daarom sal Ek hom red; Ek sal hom beskerm, omdat hy my Naam ken. Hy sal My aanroep, en Ek sal hom verhoor; in die nood sal Ek by hom wees; Ek sal hom uitred en eer aan hom gee. Met lengte van dae sal Ek hom versadig, en Ek sal hom my heil laat sien (Psalm 91: 1-16).

Ons lees in **Heb. 4:9: Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God,**

Op hierdie tyd in die wêreld geskiedenis, reg waar ons is, laat ons die rus binnegaan wat Hy vir ons voorberei het, en vanuit hierdie veilige, beskermende posisie, as Sy biddende mense, laat ons in die gebed stry vir die siele van mans en vrouens, terwyl ons ywerig wag op die koms van ons Here. Amen. ☐

"...Die HERE is my rots en my bergvesting en my redder; my God, my rots by wie ek skuil; my skild en die horing van my heil, my rotsvesting...."

(Psalm 18:3)

YOU DECIDE

When it comes to that place in our life where we are required to make an important decision, most Christians honestly desire to make the right choice, the one that is in line with the Word and Will of the Lord. They realise quite correctly, that it will be all round more successful if they have God on their side in the decision they are about to make! The question is however, "how do you know what God wants you to do in the situation you are facing?" First of all, the most important thing to remember is that **God's Word is His Will**, thus He will never want you to make a decision that would be contrary to His Word. Your decision must always be in line with His written Word, the Bible!

For instance, there is no question whatsoever about whether or not you should be considering a divorce, because God's Word says clearly that Jesus opposed divorce and so divorce does not even become an option and you know that God wants you to pray for reconciliation (Mark 10:3-12). The same holds true for any form of separation of the family unit, as this has a negative impact on every member of that family.

Any decision you have to make that will lead you into debt, is not according to God's Word either, because it is written that we are to owe no man anything but to love him (Rom. 13:8). Running up debt that you know you will not be able to repay, is contrary to His Will. If you find yourself in a financial crisis and want a way out however, ask your Heavenly Father to help you, and He will show you how! The Bible says in **James 5:5-6: If any of you lack wisdom, let him ask of God, that giveth to all *men* liberally, and upbraideth not; and it shall be given him. But let him ask in faith, nothing wavering. For he that wavereth is like a wave of the sea driven with the wind and tossed.** This portion of Scripture assures us that God will give you the necessary wisdom you need in every situation if you ask **Him** for it in faith. Then ask Him to confirm His leading and guidance, for out of the mouth of two or three witnesses the truth shall be established the Bible tells us in (Matt. 18:16), and one of these confirmations should come from His Word.

However, I know of times, unfortunately, when someone has claimed to truly want to hear from the Lord concerning a certain decision they must make, but they have actually made up their mind already as to what they are going to do, and are just seeking God's "permission", so to speak, by claiming to seek His counsel. If the answer they receive from the Lord doesn't suit them, they find an excuse to do their own thing anyway! You will never hear from the Lord if do not intend taking His advice, because He knows your heart, whether you really want to do His will, or want to justify the decision you have already made deep down inside! You need to put the whole situation and set of circumstances at His feet and pray, "not my will Father, but Yours", and then trust Him to show you what to do. **Trust in the LORD with all thine heart; and lean not unto thine own understanding. In all thy ways acknowledge Him, and He shall direct thy paths. (Pro 3:5-6).** Always remember that He loves you, you are His child and He only wants what is best for you. He alone knows what the future holds and His timing is always perfect. He promises to show you what decision you must make if you seek Him with all of your heart. (Heb.11:6) After you have enquired of Him, patiently await His answer, and until you have certainty in your heart about His answer, do not do anything in haste! Remember that "when in doubt, do nothing!" You will have the assurance of the peace of the Holy Spirit within you when you make the right decision. If you are being pressurised forced to make a decision in haste, then it does not come from the Lord. If you are agitated when having to decide on an issue, then give it some time. The Lord never pressurises you, nor is He the Author of confusion.

GOD'S REVEALED WILL

Making a decision concerning His **revealed Will** according to His Word, is of course straight forward, then you make the decision to pray according to His Will, for example;

SALVATION, **(Joh. 3:16) For God so loved the world, that he gave His only begotten Son, that whosoever believeth in Him should not perish, but have everlasting life.**

HEALING **(1Pet. 2:24) Who His own self bare our sins in His own body on the tree, that we, being dead to sins, should live unto righteousness: by whose stripes ye were healed.**

PROVIDING YOUR NEEDS (**Php. 4:19) But my God shall supply all your need according to His riches in glory by Christ Jesus.**

SETTING THE CAPTIVE FREE - from alcohol, drugs, sexual perversion etc. **(Luk. 4:18) The Spirit of the Lord *is* upon Me, because He hath anointed Me to preach the gospel to the poor; He hath sent Me to heal the brokenhearted, to preach deliverance to the captives, and recovering of sight to the blind, to set at liberty them that are bruised,**

God wants you to be saved, healed, delivered from abusive substances and that all you needs be met. We choose to use our will to come in line with His!

The decision is always yours to make, because God created you with a free will and you are responsible for your own choices, you cannot blame God for any of the bad choices you make or may have made.

Although emotions are an important part of man, they must not be the deciding or regulating factor used to govern our lives. It is our WILL that must establish our deci-

(Continued from page 4 - You Decide)

sions. For example, we can choose to remain in a difficult marriage situation, we can choose to lose weight, we can choose to select what we watch on TV! Jesus Christ, praying to His Father in the Garden of Gethsemane, is a wonderful example for us. He **chose** to take the way of the cross on account of our sin. He certainly did not **feel** like it, but made a **choice** with **His will** that was in **agreement** with His Father's will. Note what God says to Israel i Deut.28:13: **And the LORD shall make thee the head, and not the tail; and thou shalt be above only, and thou shalt not be beneath; if that thou hearken unto the commandments of the LORD thy God, which I command thee this day, to observe and to do *them:***

Each decision we make determines our future, so this is why it is so important to make the right choices. The following illustration explains this truth clearly: Say now that you are travelling by car along a road which comes to a **T** junction. You cannot continue going straight on ahead as the road ends there, so you have to decide whether to turn left or right. **AT THAT POINT,** both the possible **LEFT** turn and possible **RIGHT** turn are at the **same place,** you make the choice as to which way you want to go, if you choose to turn LEFT and carry on driving, the distance between you and the T junction gets further by the minute until you are miles away from where you made the choice. In fact the Left turn and the right turn go in completely opposite directions. The further you travel down that road, the further you move away from the point where the decision was made.

Yet there was that time when you were at the T junction and could choose to turn left or right. When you reach a cross road in your life, ask the Lord which way to go, He will give you the right direction to take.

The most important decision you will ever be called to make in this life, is to receive Jesus Christ as your personal Saviour so that you will inherit Eternal Life. **(I John 5 :11-12) And this is the record, that God hath given to us eternal life, and this life is in His Son. He that hath the Son hath life; *and* he that hath not the Son of God hath not life.**

We hence come to the conclusion that there are only two possible choices for us; life or death - an Eternity with Jesus Christ - Acts 4:12 (life), or an Eternity in the pool of fire with the devil and his evil powers (death). Read Revelation. 20:10 and 15).

So many churchgoing people are deceived about what salvation is. It is not just the repeating of a prayer at the altar and then going back to living the same life that you have always lived. Salvation is not something you have earned by sitting in a church for twenty years. After giving your life to Jesus, it is a way of life that is progressive. If we are not moving in the way of righteousness, if the light is not getting brighter on our pathway, we are going astray. The path of the righteous is as a shining light that shines more brightly with each passing day, and continues to do so until the coming of Jesus!

A choice to spend your Eternal life with God however, would mean that your whole life must be committed to God in trust, and that is the very best decision you will ever make! Jesus said to His disciples when He called them to Himself:" Follow Me and I will make you fishers of men"! They immediately followed Him, learned of Him and became fishers of men! That is what we are to do when we become His disciples!

REPENTANCE

This means an about turn from your present way of life, and to follow God's ways and instructions as prescribed in the Bible. At Pentecost after the Holy Spirit had been poured out and Peter proclaimed the Gospel of the Lord Jesus, the people asked this question: **What must we do brothers? Then Peter said unto them, Repent, and be baptized every one of you in the name of Jesus Christ for the remission of sins, and ye shall receive the gift of the Holy Ghost. (Act 2:38)** And, still regarding repentance, we read in **Acts 17:30: And the times of this ignorance God winked at; but now commandeth all men every where to repent:** Note **"all men everywhere"-** nobody is excluded, and repentance is the first requirement.

The word repentance means to change direction. A good example in the Bible is the prodigal son in Luke chapter 5. The turning point in his life was when he said: **I will arise and go to my father....** He made a decision and he acted upon it!

At church services people often go up for the alter call, which is very good, but serves no purpose at all if it does not produce in them the signs of a changed life. After a person has made a decision to give his life to the Lord, his life can only be changed by learning to know God's will through His Word. Read your Bible prayerfully so that the Holy Spirit can teach you, guide you and remind you of everything Jesus commanded, and convict you of sin and righteousness. A decision to make Jesus Lord of your life is where it begins. That is where it starts, however you must follow Him daily and keep His commandments, and you must continue to do so all of your life. Your calling is to become His disciple. It is not how you start, but how you finish. However your salvation begins with receiving Jesus as your Saviour AND LORD! It culminates with His return to fetch us!

Paul tells us in **Acts 20:21: Testifying both to the Jews, and also to the Greeks, repentance toward God, and faith toward our Lord Jesus Christ.**

Repentance is a choice. Because we are sincere in our remorse and repentance, we are made aware of our love of God, and the way of faith in Jesus Christ becomes a way of peace and joy! In Revelation chapters 2 and 3 we see that Jesus exhorted five of the seven churches to REPENT.

<u>Church of Ephesus:</u> (Rev 2:5) Remember therefore from whence thou art fallen, and repent, and do the first works; or else I will come unto

(Continued on page 6)

(Continued from page 5 - You Decide)

thee quickly, and will remove thy candlestick out of his place, except thou repent.

Church of Pergamos (Rev 2:16) Repent; or else I will come unto thee quickly, and will fight against them with the sword of My mouth.

Church of Thyatira(Rev 2:21) And I gave her space to repent of her fornication; and she repented not.

Church of Sardis (Rev 3:3) Remember therefore how thou hast received and heard, and hold fast, and repent. If therefore thou shalt not watch, I will come on thee as a thief, and thou shalt not know what hour I will come upon thee.

Church of Laodicea (Rev 3:19) As many as I love, I rebuke and chasten: be zealous therefore, and repent.

Our Heavenly Father has always responded to a heart of repentance, and we read in **Lamentations 5:21: Turn thou us unto thee, O LORD, and we shall be turned; renew our days as of old.**

The Holy Spirit, because of God's great mercy and grace, starts the process of repentance within us. It is God who draws us according to **John 6:44: No man can come to me, except the Father which hath sent Me draw him: and I will raise him up at the last day. We read in Rev. 3:20: Behold, I stand at the door, and knock: if any man hear My voice, and open the door, I will come in to him, and will sup with him, and he with Me**: but we must make the final choice. Do not allow the moment of grace and mercy pass you by without you responding! **Acts 2:38: Then Peter said unto them, Repent, and be baptized every one of you in the name of Jesus Christ for the remission of sins, and ye shall receive the gift of the Holy Ghost.**

Peter gave these instruction from God: **Repent and be baptised....** In Mark 16:16 Jesus says: **He that believeth and is baptised shall be saved, but he that believeth not shall be damned**

One often hears a believer say that he will have himself baptised when the Holy Spirit convicts him to do so. That is a misconception. The believer's baptism after conversion is a command of the Lord to the believer and is inspired by the Holy Spirit. To have yourself baptised after conversion is actually an act of obedience. It is a decision you have to make. You choose to obey or not.

The road to walking with God always begins with repentance and conversion – (giving you heart to Jesus) – whether we are making this decision for the very first time or we may have back slidden and are coming back to the Lord.

(Luke 24:46-47) And said unto them, Thus it is written, and thus it behoved Christ to suffer, and to rise from the dead the third day: And that repentance and remission of sins should be preached in His name among all nations, beginning at Jerusalem.

Jesus' words are very clear in Mark 1:15 when He says: **The time is fulfilled, and the kingdom of God is at hand: repent ye, and believe the gospel.**

Repentance is a choice you have to make because nobody else can make it for you, and no one else can do it for you. God said that in the last days everything that can be shaken will be shaken, we read this in the Book of Hebrews. **See that ye refuse not Him that speaketh. For if they escaped not who refused Him that spake on earth, much more *shall not* we *escape,* if we turn away from Him that *speaketh* from heaven: Whose voice then shook the earth: but now He hath promised, saying, Yet once more I shake not the earth only, but also heaven. And this *word,* Yet once more, signifieth the removing of those things that are shaken, as of things that are made, that those things which cannot be shaken may remain. Wherefore we receiving a kingdom which cannot be moved, let us have grace, whereby we may serve God acceptably with reverence and godly fear: For our God *is* a consuming fire. (Heb 12:25-29)**

Father God's desire is to build the character of His Son Jesus within the lives of those who have received Him as their Saviour. We, who know Jesus as Lord are being conformed to His image day by day as we choose to yield ourselves to the working of the Holy Spirit. We have to acknowledge all sin in our life, confessing it for what it is, repenting of it and turning our back on it. This response from us causes God to draw close to us and meet our needs. He will heal the broken hearted and give victory in every battle. Choose to live a life of repentance and walk in His peace and provision. You choose! ☐

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

Spesiale woord van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word. Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.



Ons God van wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

It is almost four years since the radiologists, after an MRI scan, advised that I have a brain tumour and need to scan every four months to check growth. I was referred to a neurologist whom I had never seen before and a he introduced himself to me, and I said to him I have never been so worried in my life, his first words to me were "you girlies who study the Bible and have so little faith!" I was floored. How did he know I studied the Bible every night. I went away and thought about this. I then contacted Dr James van Zyl of the Stanger Christian Centre. He is a medical doctor who had been the mayor of Stanger and who had given up all to work for God. I asked for my name to be placed on his prayer list each morning at 7am. As you know I am almost 70 and in excellent health. I have placed my faith in God, have never been back to the neurologist, went off the tablets he had prescribed for headaches (caused by the worry) and have had no further MRI's as I believe our God is a healer and I put my faith and trust in Him alone. The neurologist wrote to Johann and gave him a report saying he did not think there was a tumour as I had no signs of it and he felt the radiologist report was wrong. I believe that God has intervened as the report stated specifically that there was invasion of the surrounding brain tissue and a mass on the occipital horn (which is the area of sight).

Marlene Dickerson (25 July 2010)

Baie dankie vir u persoonlike brief en versekering van u gebede. Die skandering in Maart het ook gewys dat daar geen nuwe letsels op my brein is (M.S). Baie dankie vir die boekies wat u gestuur het en die nuusbriewe. Die April nuusbrief oor die kruisiging het my baie diep geraak. Groete

Mev R Webb, Namibia

Dr James, so baie dankie vir al julle gebede. Here Jesus het verhoor! Ek het toe goedkoper blyplek gekry in Kempton Park. Ek gee Hom al die eer!!

M Botha, Allangrove

Met 'n hart vol lof aan die Groot Antwoorde van gebed, Jesus Christus, wil ek net aan u rapporteer dat Hy nog steeds gebede hoor en op Sy tyd verhoor en antwoord. Op 28 Maart 2010 het ek aan u geskryf en voorbidding gevra vir werk vir ons dogter en haar vriend. Die Here het geantwoord, Wilber het op 1 Junie begin in 'n permanente pos en Brigitte vandag, 8ste Julie 2010, ook 'n permanente pos. Baie dankie vir die pragtige werk wat u en u span vir ons Meester hier op aarde doen. Mag Sy besondere seën elke dag op u rus. U suster in Christus.

Mev R Scheffers, Kenhardt (8 Julie 2010)

Dr James, Meg en Personeel,

Aan God al die eer Hy het wonders gedoen!! Raymond en Juanita gaan na 17 jaar ouers word, sy is 3 maande swanger. Dr James, baie dankie dat u gedurig vir hulle ingetree het.

Susan van Aswegen, Gezina (2 Julie 2010)

Baie dankie vir die vorige gebede vir Eugene vir werk, en Charmaine, my suster wat epilepsie gekry het, daar is 'n baie groot verandering, en Eugene het 3 weke na my gebeds versoek werk gekry. Ons loof en prys ons Hemelse Vader!

Mev S Murphy, Keetmanshoop (8 Julie 2010)

Baie, baie dankie dat u en u span saam met my gebid het. Ek is so bly en dankbaar ek het die werk gekry en daarom skryf ek vir julle om saam met my in my vreugde te deel. Ek het nie woorde nie, al wat ek kan sê is baie, baie dankie, die Vader laat sy kinders nooit in die steek nie. Die Here is so goed vir my ek wil almal bedank wat saam met my gebid het. Ek glo die Vader sal u en u span seën en baie dankie vir wat u en u span vir ander doen en beteken. Die Here seën.

Carel Klasen, Vanrhysndorp (26 July 2010)

Ek het 'n paar dae gelede vir u gevra om saam met my te bid vir 'n baie belangrike toets wat my dogter moes skryf. Die Woord belowe ons dat die Here ons sal verhoor waar twee of meer oor 'n saak saamstem. Hy is wakker oor Sy Woord om dit te volbring en al wat ons moet doen, is om ons geloof onwankelbaar in Hom te plaas en gehoorsaam te wees aan Sy voorwaardes. Die Here het haar wonderbaarlik gehelp en sy het dit geslaag. Al die eer aan Hom alleen!! Ons is so dankbaar vir Sy groot en onverdiende genade oor ons. Ons verdien niks daarvan nie, maar dankie vir Jesus wat reeds die volle prys vir ons betaal het. Baie dankie vir die manier waarop u die Woord van die Here vir ons duidelik maak deur u leesstof. Daarsonder sou ons geestelik baie armer gewees het. Mag die Here u elkeen in u persoonlike lewens seën. U bied vir ons sterk geestelike ondersteuning, waarvoor ons baie dankbaar is. Groete.

Mev S van Staden, Witbank

uit **Dr James** se kantoor

Geliefdes in Jesus Christus ons Here,

Die Woord van die Here verklaar duidelik in **Rom. 12:2: En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.** Ons denke moet vernuwe word sodat ons die denke van Christus kan hê, en die denke van Christus is Sy wil wat in Sy Woord, die Bybel, opgeteken is. Ons moet Sy Woord bestudeer sodat ons Sy denke kan leer ken. Ons kan nie daarop aanspraak maak dat ons Sy dissipels is tensy ons Sy Woord ken en daarin bly en doen nie. **(Joh. 14:15) As julle My liefhet, bewaar my gebooie. (Joh. 14:21) Wie my gebooie het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet; en wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar. (Joh. 15:10) As julle my gebooie bewaar, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die gebooie van my Vader bewaar en in sy liefde bly.** Dit is waarom die Here sê dat ons altyd ons oë op die Woord moet hou en dat ons dag en nag daaroor moet mediteer! **(Jos. 1:8) Hierdie wetboek mag nie uit jou mond wyk nie; maar bepeins dit dag en nag, sodat jy <u>nougeset kan handel</u> volgens alles wat daarin geskrywe staan; want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en dan sal jy met goeie gevolg handel.** Ons begeerte moet soos die van die Psalmis wees in **Psalm 119:15: Ek wil u bevele oordink en op u paaie let.** Die Here het my Sy weë deur Sy Woord geleer, soos Hy my oor die laaste 30 jaar stap vir stap in diensbaarheid aan Hom gelei het. Dit is onmoontlik om oornag alles wat daar in Sy Woord is wat geken moet word, te leer. Die Woord sê ons moet nie bly by die begin nie, maar gaan na volmaaktheid. Die 12 Apostels het drie jaar geneem om by hulle Meester te leer, en selfs Paulus het 3 jaar in die Arabiese woestyn deurgebring waartydens hy sy godsdienstige gelowe verander het soos Jesus die waarheid van die Evangelie aan hom geopenbaar het (Gal. 1: 16-23).

Ek het baie van dit wat die Here my gewys het aangaande die vernuwing van die denke, in my onlangse boek "Is Jy Gereed" aangeteken, dit is verkrygbaar vanaf die Christelike Sentrum in Engels en Afrikaans. Dit handel nie net oor die konsep van ons verlossing wanneer ons die Here Jesus Christus as ons persoonlike Verlosser en Here aanneem as die **ENIGSTE Naam onder die Hemel en op die Aarde waardeur ons gered kan word nie** (Hand. 4:12), maar ook – en baie belangrik, die toppunt van ons verlossing, wanneer Jesus weer kom om ons te kom haal en die dooies in Christus sal opstaan! (1 Thess. 4: 13-18). Onthou, ons verlossing verwag van ons om tot die einde, getrou aan Hom te bly! Dit is nie net hoe ons begin wat tel nie, maar hoe ons eindig! Onthou, Jesus het gesê in **Matt. 24:13: Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word.** Ek is egter vol vertroue, netsoos die skrywer van Hebreërs was toe hy geskryf het: **Maar die regverdige sal uit die geloof lewe; en as hy hom onttrek, het my siel geen welbehae in hom nie. Maar by ons is daar geen onttrekking tot verderf nie, maar geloof tot behoud van die lewe (Heb. 10: 38-39).** En as gevolg hiervan, was ons vermaan om volgens: **Heb. 10: 35-37: Werp dan julle vrymoedigheid, wat 'n groot beloning het, nie weg nie. Want julle het lydsaamheid nodig, om, nadat julle die wil van God gedoen het, die belofte te verkry. Want nog 'n klein tydjie, en Hy wat kom, SAL KOM en nie versuim nie.** Die belangrike vraag bly: " Is ons gereed?"

Ons loof en dank ons Here daagliks vir julle as ons julle in gebed onthou gedurende die gebruik van Nagmaal elke oggend. Dankie vir jul gebede, liefde en julle ondersteuning vir die verspreiding van die Evangelie wat ons aanhou om te doen deur Sy genade en onder Sy leiding. Die tekens van die tye dui die uiterste dringendheid aan om verlore siele te red. En dit is ons doelwit, ons einddoel en ons opdrag so lank as ons nog asem het **... sodat ek met blydskap my loopbaan kan volbring en die bediening wat ek van die Here Jesus ontvang het.... (Hand. 20:24).** Dankie dat julle dit vir ons moontlik maak om aan te gaan – julle ewige beloning wag op julle!

Wees verseker van ons liefde en gebede,

Baie liefde groete,

Dr James

Nuutste Boeke

70 – Are You Ready? – R16.00
71 – Is Jy Gereed? – R16.00

<u>Mosterdsaad Boeke R8.00 elk</u>

M72A - Die Mens se Wysheid is Dwaasheid met God
M72 - Man's Wisdom is Foolishness with God
M47 - What is the Name of our God?
M77 - Wat is die Naam van ons God?
M75 - What is Real Faith?
M73 - Divine Wisdom for Man
M73A – Goddelike wysheid vir die mens
M76 - Bybelse Geloof triomfeer altyd oor die vyand se aanvalle
M74 - Israel or Ishmael